VERSLAG VAN DIE SENDINGSEKRETARIS AAN DIE ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE OOR DIE SENDINGWERKSAAMHEDE VAN DIE VRYSTAATSE KERK OOR DIE JAAR 1952.

WelEerw. Heer en Brs.,

Dit is vir my 'n groot genoeë om andermaal verslag te doen van die Sendingwerksaamhede gedurende die jaar 1952. Ons het stof tot groot dankbaarheid. Nie alleen kon ons gedurende 1952 vyf geordende manne uitstuur nie ('n groter aantal in een jaar as ooit tevore), maar deur ingrypende besluite van ons Sinode is in 'n langgevoelde behoefte voorsien, n.l. die aansienlike verhoging van salarisse vir alle lede van die Sendingpersoneel. Sedert 1 Julie 1952 word die verhoogde salarisse betaal en dit is ons 'n oorsaak van groot blydskap om u mee te deel dat die sendingpersoneel ook gedurende hulle rustyd tenvolle vergoed word. Hierdie jarelange onreg is eindelik uitgewis en dit het groot vreugde onder die sendingpersoneel veroorsaak.

1. PERSONEEL:

Aan die einde van 1952 was daar 45 werkers en werksters in Noord- en Suid-Rhodesië, waarvan 39 in Noord-Rhodesië en 6 in Suid-Rhodesië was.

Nuwe werkkragte: Eerw. en mevr. W. Rossouw, eerww. R.H. Venter, A.T. Ferreira, G.D. Kotzé en C.U.L. Fick, mnr. Hugo v.d. Spuy en mejj. M. Goldie en A. Pauw, terwyl ook mevr. le Roux wat vroeër in Noord-Rhodesië was, na die dood van haar man, weer teruggekeer het.

Ook dr. H.J. de Kock het na 'n spesiale studie in tropiese siektes in Nederland teruggekeer na Noord-Rhodesië en is hoof van die hospitaal op Madzimoyo, terwyl dr. G.T. van Rooyen nou op Nyanje is, waar 'n hospitaal gebou word en wat voortaan die tweede dokter-stasie in Noord-Rhodesië sal wees.

Aan hierdie twee geneeshere het ons ontsettend veel te dank. Hulle was gewillig om aanloklike vooruitsigte hier in die Suide te laat vaar om hulle lewe en kragte te gaan wy aan die uitbreiding van die Godsryk in die Buiteland. Hulle het in hoë mate daarin geslaag om die vertroue nie alleen van die sendingpersoneel maar ook van die naturelle te win en hulle doen 'n groot werk. Op Nyanje is die gemiddelde daaglikse aantal binnepasiënte oor die laaste paar maande 100 per dag.

Mediese werk is 'n kragtige middel tot evangelisering van die heiden. As die liggaam krank is, word die hart vatbaar vir goeie invloede en duisende is reeds in die loop van jare deur hierdie middel na die Heiland gelei.

Lede wat die veld verlaat het: Mnr. A. Prinsloo en mej. Rina van Zyl het die veld verlaat (hulle is sedert die tyd getroud), terwyl mej. E. v.d. Walt weens swakke gesondheid moes uitkom. Ook moes mej. M. Wassermann weens ernstige krankheid die veld verlaat en binnekort sal eerw. en mevr. W. Rossouw terugkeer na die Unie weens die gesondheid van mevr. Rossouw, terwyl ook eerw. Ferreira en mej. A. Welman bedank het en in Junie terugkeer.

Gesondheid: Verskillende ander lede van die personeel was ernstig krank gedurende die jaar; maar is nou weer beter. Miskien moet dit in meer as een geval toegeskryf word aan oormaat van werk. Met 'n vergrote personeel sal dit miskien beter gaan in die toekoms.

2/ ....

Lang dienstermyne:

Daar is etlike van ons werkers(sters) wat reeds baie jare lank hulle lewe wy aan die Sendingsaak, wat groot dienste bewys het aan die saak van die Meester. Ons dink hier aan mej. E. Botes 40 jaar, mej. F. van Niekerk en eerw. S.H.F. Pienaar 37 jaar, eerw. Pieters 34 jaar, eerw. O.S. Theron 30 jaar, mej. P. Spies 27 jaar. Hulle was dikwels geroep om werk te doen van twee of meer andere, maar hulle geniet nog goeie gesondheid.

2. VOORTREKKER GEDENKSKOOL EN KOSHUIS:

Die skool staan nog onder die bekwame leiding van mej. C.M. Hoffman en die koshuis onder sorg van mej. R. Gutter wat daarin geslaag het om 'n egte huislike atmosfeer te skep vir die kinders van die personeel. Die skool bly voortbestaan op Kristelike nasionale grondslag, sonder enige staatssteun. In mej. Hoffman het ons 'n waardevolle werkster wat nou al 18 maande lank aan die hoof van hierdie skooltjie staan. Sy tree egter aan die einde van hierdie jaar af om in die huwelik te tree met een van ons sendelinge in die veld.

3. ONDERWYS IN NOORD-RHODESIË:

(a) Ons is nog heeltemal onseker omtrent die toekoms van onderwys in Noord-Rhodesië. Dit lyk of die Regering daar ook beweeg in die rigting van staatskontrole en dit sal 'n kwade dag wees vir die Sending uit die oogpunt van geestelike werk.

(b) Ds. J.C.C. Pauw is aangestel as Opvoedkundige Sekretaris vir die oostelike provinsie in N.O. Rhodesië en omdat soveel ander pligte op sy skouers rus, word hy op bekwame wyse bygestaan deur mnr. A. Miles wat meeste van die boekhou en roetine kantoorwerk doen.

(c) Die Normaalskool: Aan die begin van hierdie jaar is mnr. S. Meyer aangestel as hoof van die Normaalskool en hy word bygestaan deur twee baie bekwame assistente n.l. mejj. M. Brandt en J. Terblanche. Die voortbestaan van hierdie skool hang in die weegskaal, omdat die Regering voorkeur gee aan een gekombineerde inrigting.

(d) Buiteposte: Hier word 'n groot en geseënde werk gedoen. Wat hierdie buiteposte beteken vir die insameling van siele in die skaapskooi van Christus, kan nie bepaal word nie. Dit is hier waar die heiden, ver van die stasie af, in aanraking kom met die Christendom, en tienduisende het hier hulle heil in Jesus gevind. Die bybel- en leesklasse word deur oud en jonk bygewoon en daar word hulle voorberei as nuttige en intelligente lede van die kerk. Nou begin die Regering egter 'n stok in die wiel te steek omdat, na hulle mening, die buiteposte skade kan berokken aan die gesubsidieerde skole van die Regering. Hulle het geen beswaar dat die onderrig aan volwassene gegee sal word nie, maar hulle is daarteen gekant dat die kinders ook die buiteposskool sal bywoon. Die kinders is dikwels baie myle ver verwyder van die naaste skool, maar hulle mag nie die buitepos onderrig geniet nie.

Die doel van die kerk en Regering met onderwys is heeltemal verskillend. Gedurende 1952 is 27 buiteposonderwysers opgelei en daar is nou weer 22 in die klas wat vir die buiteposte voorberei word. Die Direkteur van Naturelle-Onderwys in Noord-Rhodesië skryf: "The D.R.C. Mission has unfortunately strengthened its resolve to continue this obsolete type of school (bush schools) and is training now teachers of low educational standard for this purpose. Such retrogressive policy must prove unrewarding and fatal in the end."

Regeringstoelae ten opsigte van onderwys in Noord-Rhodesië vir die jaar 1952 was £15,257.

3/ ....

4. ONDERWYS IN SUID-RHODESIË:

Opleidingskool: Die behoefte aan 'n Opleidingskool in Suid-Rhodesië word al groter. Geen nuwe skole word aan 'n Sending toegestaan wat nie ten minste 32% gesertifiseerde onderwysers het nie en die ander Sendinge kan nie voorsien in hulle eie behoeftes weens die vereistes wat die Regering stel nie. Daar kom gedurig aansoeke om skole en ons het nie die onderwysers nie. Dit gee die Roomse 'n groot stoot vooruit omdat hulle persentasie gesertifiseerde onderwysers baie hoër is as die van enige ander Sending. Gebrek aan fondse hier is die groot hinderpaal.

In Suid-Rhodesië is daar nou 5 geordende sendelinge en 1 naturelleleraar, terwyl twee gemeentes vakant is en dit het noodsaaklik geword dat 'n naturelleleraar saam met eerw. van Wyk op Salisbury geplaas sal word weens die geweldige omvang van die werk daar. Die opleiding van 'n tiental naturelleleraars is egter in September voltooi en dit sal in hierdie en ander behoeftes voorsien.

5. MÔRELIG WEESHUIS:

Weens die vertrek van mej. Wassermann is hierdie inrigting tydelik gesluit en die kinders is toevertrou aan die sorg van verskillende werksters. Sodra ons 'n werkster vind, word hierdie reddingshuis heropen.

Verskillende van die kinders wat hierdie inrigting verlaat het, neem nou verantwoordelike posisies in.

6. MELAATSE KOLONIE TE NSADZU:

Daar is gemiddeld 180 pasiënte in die Melaatse Kolonie en volgens die Regeringsdokter van Lusaka sal die helfte van die pasiënte gedurende die jaar ontslaan kan word. Hierdie inrigting word ruim deur die Regering van Noord-Rhodesië ondersteun en werp geseënde geestelike vrugte af.

7. BOUWERK:

Die personeel van die bou-afdeling bestaan uit mnre. S. Strydom en P. Muller. Vir hierdie afdeling was die jaar 1952 'n besondere besige jaar. Nie alleen is die Merwe pastorie en die dokterswoning op Madzimoyo voltooi nie, maar die grasdak van Kamoto pastorie is vervang deur 'n asbesdak, die store vir die Boudepartement is voorsien met 'n sinkdak en aanvoorwerk is gemaak vir die hospitaal op Nyanje. Die boumeester en die skrynwerker is onvermoeid in hulle veeleisende werk, maar daar is so 'n geweldige agterstand in die werk dat die Uitvoerende Kommissie van die S.A.S.K. besluit het om 'n tweede boumeester in plaas van 'n skrynwerker te probeer kry in die plek van mnr. Muller wat ons aan die einde van 1953 gaan verlaat. Deur vergrote staf en ou pastorië wat byna onbewoonbaar geword het en die ramp wat ons op Hofmeyr getref het, sal ons verplig wees om vir die eerste paar jaar altans meer as een boumeester in die veld aan te hou.

8. RAMP OP HOFMEYR:

'n Ramp het die Sendingwerk in Noord-Rhodesië getref toe die Sendingpastorie en kerkgebou te Hofmeyr deur 'n veldvuur totaal verwoes is. Byna al die persoonlike besittings van die Sendingpersoneel het ook in die slag gebly. Die nodige voorsorgmaatreëls om voorbrande te maak was geneem en die kantoor het 'n paar jaar gelede probeer om die sendingeiendomme

4/ .....

te laat verseker, maar omdat die eiendomme in die bosse van Afrika geleë is en boonop grasdakke het, het ons nie daarin geslaag nie.

Die Uitvoerende Kommissie het onder hierdie omstandighede die Moderatuur van die Vrystaatse Sinode versoek om 'n dringende beroep te doen op die gemeentes in die O.V.S. om hulle steun teneinde hierdie gebou weer op te rig en die reaksie was besonder gunstig. Die Uitvoerende Kommissie het dan ook dadelik opdrag aan die Raadskommissie gegee om 'n nuwe pastorie te bou omdat die oue onherstelbaar verwoes is. Ons moes dadelik handel omdat die Roomse besig is om 'n paar myl van hierdie stasie geweldige geboue daar te stel teneinde die protestantisme in die omgewing te bekamp. Die boumeester is reeds besig met die geboue en ons hoop dat die sendeling binnekort weer sy intrek daar sal kan neem.

Dit verbly ons ook om u mee te deel dat die nodige geld reeds gevind is vir die herstel van die geboue en vergoeding van die sendingwerkers.

9. GEESTELIKE LEWE IN NOORD- EN SUID-RHODESIË:

Dit verbly ons om te kan rapporteer dat die Woord van God 'n krag tot saligheid bly. Te midde van die woeling en gisting onder die gekleurde rasse van Afrika, was die werk in die Sendingveld nie sonder kennelike vrugte nie. 'n Groot aantal het tot kragdadige inkeer gekom gedurende die afgelope jaar en besluit om die Here te volg. Die vorige jaar was die aantal bekeerlinge 2,000. Onder hulle was daar sommige merkwaardige bekerings; mense wat in dronkenskap oud geword, andere wat in sedeloosheid gelewe het, is deur die bloed van die Lam gered en is vandag 'n voorbeeld vir andere. Baie wat in die sonde geval het, het teruggekeer en is weer in die boesem van die gemeente opgeneem. 'n Verblydende teken ook is die gereelde bywoning van die eredienste waarvan uit verskillende oorde melding gemaak word. Dit is soms inspirerend om die skares te sien wat verlangend luister na die verkondiging van die blye evangelie.

Elke jaar het egter ook sy teleurstellings waar Christene terugval in die sonde en die getalle wat onder sensuur kom is baie hoër daar as in die Unie. Een van die oorsake is seker die strenger handhawing van die tug in die jonge Bantukerk, maar die feit bly ook dat hulle te midde van die heidendom met al sy versoekinge lewe. As ons egter let op die groot getal wat elke Sondag asook gedurende die week, luister na die blye evangelieboodskap, op die duisende wat lewe na die wil en die verordeninge van God, as ons let op die groot aantal wat nog jaarliks tot bekering kom, dan vat ons moed en sê ons, dit is die moeite wêrd om Sendingwerk te doen.

## B I N N E L A N D.

Waar ons verlede jaar volledig rapport gedoen het aan die Sinode, wys ons u net op 'n paar nuwe ontwikkelinge.

1. WITZIESHOEK:

Alhoewel dit nou betreklik stil is, het die toestand van oproerigheid sy skadelike gevolge gehad op die geestelike lewe in die Hoek. Die langdurige hofsaak het die bevolking van die Hoek geldelik uitgeput en hulle bydrae vir die instandhouding van die openbare erediens is gering. Dit het deur die onvermoeide ywer van ds. Strümpfer gedurende die afgelope jaar baie verbeter en daar is alle hoop dat dinge onder sy leiding en met die seën van die Heer gou weer sy normale gang sal hê.

(a) Elizabeth Ross Hospitaal: Die hospitaal het heeltemal te klein geword vir die groot aantal pasiënte wat daagliks behandel word en die S.A.S.K. is instaat gestel deur 'n paar groot donasies om die hospitaal aanmerklik te vergroot. Die bouheer is tans besig met die dokterswoning en die hospitaal en ons hoop om in September of Oktober die geboue in gebruik te neem. By daardie geleentheid hoop ons om die Minister van Naturellesake, die Administrateur en van die lede van ons Moderatuur teenwoordig te hê.

Aan die hoof van die hospitaal staan dr. Stern en hy word bygestaan deur 4 blanke verpleegsters en 'n aantal naturelle leerlingverpleegsters.

(b) Skool op Lefika: Ook die skoolwese het in die Hoek geweldig gely deur die opstand daar, maar onder die bekwame leiding van mnr. P.J. Stofberg, (vroeër prinsipaal van die Modelskool te Bloemfontein, 'n man wie se hart in die werk is) het die skool met rasse skrede vooruitgegaan en ons het goeie hoop vir die toekoms.

2. THABA'NCHU RESERWE:

Uit hierdie reserwe is die berigte besonder gunstig en ons dank die Heer. Die gemeente bestaan reeds uit meer as 800 ledemate en as ons in gedagte hou dat die werk betreklik jonk is, is die groei van die gemeente fenominaal. In 1952 is daar 168 gedoop en 61 nuwe lidmate voorgestel. Daar is 15 buiteposte waarvan 13 doelmatige kerkgeboutjies het.

Dit is gewoonte dat al die buiteposte jaarliks by geleentheid van die Paasnagmaal na Thaba'Nchu kom vir die viering en dan is die Ereskuld kerk te klein vir die gemeente. Die opkomste na die openbare eredienste stem tot dankbaarheid. Die seën van die Heer rus kennelik op hierdie arbeidsveld.

3. GOUDVELDE EN SASOL:

Met die steeds uitbreidende mynwerksaamhede nie alleen in die goudarea maar ook op Sasol en omgewing, word die verantwoordelikheid wat op die skouers van die S.A.S.K. rus, al groter en groter. In die Odendaalsrus area is daar twee sendelinge, wat bygestaan word deur 'n aantal evangeliste en dit het noodsaaklik geword dat 'n derde sendeling daar aangestel sal word met die oog op die geweldige uitbreiding. Die S.A.S.K. het reeds sy bereidwilligheid te kenne gegee om die gemeentes ook hierin by te staan.

'n Ander groot probleem is die daarstelling van die nodige kerkgeboue. Die Sendingwerkkringe bestaan byna almal uit treknaturelle en die moedergemeentes kan moeilik in hulle eie behoeftes voorsien. Aan die ander kant het die Roomse baie groot fondse tot hulle beskikking en as hulle nie meer fondse het nie, dan val hulle terug op die bieg. Hulle rig oral pragtige geboue op en langs hierdie weg imponeer hulle die naturelle.

Op Sasol word die werk gedoen deur 'n evangelis onder leiding van die sendeling van Parys, maar ons sal miskien binnekort geroep word om 'n sendeling daar te plaas, teneinde die werk daar behoorlik te organiseer.

Die arbeidsveld in die Binneland word al groter en groter. Die seën van die Heer rus egter op die werk en met dankbaarheid kan ons verklaar dat in al die opstootjies die lede van ons kerk met hoë uitsonderinge nie daarin betrokke was nie.

Menende hierdeur aan my opdrag voldoen te hê en u die seën van die Heer toebiddende op al u beraadslaginge, noem ek my

Met verskuldigde agting,
t.t. in Xrs.,

ALG. SENDINGSEKRETARIS.